Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

AANKONDIGINGS:

Profesie Kers:

Op die eerste Sondag van Advent is die eerste pers kers aangesteek. Hierdie kers word tipies die "Profesie Kaars" genoem ter herinnering aan die profete, hoofsaaklik Jesaja , wat die geboorte van Christus voorspel het: *Daarom sal die Here self vir julle 'n teken gee: die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en Hom sal Immanuel noem* (Jesaja 7:14, NIV). Hierdie eerste kers verteenwoordig hoop of verwagting in afwagting van die komende Messias.

Bethlehem Kers:

Op die tweede Sondag van Advent is die tweede pers kers aangesteek. Hierdie kers verteenwoordig tipies liefde. Sommige tradisies noem dit die " Bethlehem Candle," wat Christus se krip simboliseer: *Dit sal vir jou 'n teken wees: Jy sal 'n baba in doeke kry wat in 'n krip lê* (Lukas 2:12, NIV).

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

Herders kers:

Op die derde Sondag van Advent is die pienk, of rooskleurige kers aangesteek. Hierdie pienk kers word gewoonlik die "Shepherds Candle" genoem, en dit verteenwoordig vreugde: *En daar het herders in die lande geleef en in die nag wakker gehou oor hulle kleinvee. 'N Engel van die Here het aan hulle verskyn, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn, en hulle was verskrik. Maar die engel het vir hulle gesê: Wees nie bevrees nie. Ek bring julle 'n goeie boodskap wat groot blydskap vir die hele volk sal bring. Vandag is in die stad van Dawid 'n Verlosser vir julle gebore, Hy is die Messias, die Here* (Lukas 2: 8-11, NIV).

Engele Kers:

Die derde en laaste pers kers, wat dikwels die " Angels Candle " genoem word, verteenwoordig vrede en lig op die vierde Sondag van Advent: *Skielik het 'n groot geselskap van die hemelse leër saam met die engel verskyn en God geprys en gesê: "Eer aan God in die*

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

---

hoogste hemel en op aarde vrede vir diegene op wie sy guns berus (Lukas 2: 13-14, NIV).

KLOK: Stilte en tyd vir nadenke ...

WYDING:

Ons sing ons toetrede lied ... Welkom, o stille nag van vrede. Kersfees kom. Christus kom ~ Gesang 358: 1-3

VOTUM:

Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly.

Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.

Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas.

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder (Vgl. Psalm 139 AFR1983).

SEËN:

Genade en vrede word aan julle geskenk deur God ons hemelse Vader, en die Here, Jesus Christus. Amen. (Galasiërs 1: 3 ~ AFR2022).

KERSFEES KOM! DIE CHRISTUSFEES KOM!:

Kom loof die Here God is die hoogste heemle ~ Gesang 364: 1-3

GELOOFSBELYDENIS & WIL VAN GOD:

Vandag kyk ons na die werk van die Heilige Gees. Vandag leer ons hoe die Heilige Gees met ons praat in die taal van aanvaarding.

Petrus het aanvanklik gedink dat Jesus net gekom het vir die Jode. Jesus verander hierdie siening van Petrus.

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

Nadat Petrus die visioen van die doek met die diere gesien het, kry hy die opdrag dat die evangelie ook aan ander volke verkondig moet word. Met die bekering van Kornelius en sy gesin en die uitstorting van die Heilige Gees op hulle, besef Petrus dat Christus ook vir ander volke God wil wees. God maak nie onderskeid tussen mense nie.

Verstaan ons hierdie taal van God die Heilige Gees? ‘n Taal van aanvaarding. Somtyds is dit vir ons moeilik om mense wat anders as ons is, te aanvaar. Soos wat Christus nie onderskeid gemaak het nie, mag ons ook nie onderskeid maak nie. Leer by God om ander te aanvaar en hulle met respek te behandel.

SKRIFLESING: Handelinge 10: 34-48

34 Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: “Waarlik,
ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie,
35 maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer
en doen wat reg is. 36 Julle weet dat God aan Israel sy
woord gestuur het, naamlik die evangelie van vrede wat

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

Jesus Christus gebring het. Hierdie Jesus is Here van almal. 37Julle weet ook van die gebeurtenisse dwarsdeur die hele Joodse land. Dit het in Galilea begin ná die doop wat Johannes verkondig het. 38Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom.

39"En ons is getuies van alles wat Hy in die Joodse land en in Jerusalem gedoen het. Hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan die kruis te hang. 40Maar God het Hom op die derde dag uit die dood opgewek en Hom laat verskyn, 41nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat ná sy opstanding uit die dood saam met Hom geëet en gedrink het. 42Hy het ons opdrag gegee om aan die volk te verkondig en te bevestig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter oor lewendes en dooies. 43Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur sy Naam ontvang."

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

Ons lees tot hier ~ ‘n Geloofsbelydenis in die woorde en dade van Petrus.

GEBED:

INLEIDING:

Met die aansteek van die kerse het ons gehoor dit is die derde Adventsondag. Advent is voor Kersfees ~ die gelowiges sien uit na die koms van Jesus Christus.

Vandag is Advent ook die uitsien na die koms van Jesus Christus, die wederkoms. Hier moet ons nie net dink aan eendag doer ver nie. Hier moet ons ook dink aan ons sterwens oomblik wat enige oomblik kan aanbreek. Die Bybel sê die dag (oomblik) kan kom soos ‘n dief in die nag of soos geboortepyne wat ‘n swanger vrou oorval. Advent leer ons om voorbereid te wees op die koms, ons volgende van aangesig tot aangesig ontmoeting met God.

Is ons voorbereid? / Hoe berei ‘n mens voor?

Voorbereiding vir die lewensreis

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

Jesus was op aarde ‘n Rabbi ~ ‘n leermeester. Hy het mense graag geleer van alles en nog wat. Daarvoor het hy sy eie lewe op aarde gebruik, en Hy het graag ook stories vertel om te verduidelik wat Hy bedoel. In hierdie stories gebruik hy omstandighede van hulle alledaagse lewe ongeveer 2000 jaar gelede ~ toe Jesus self op aarde was.

In Matteus 25: 1-13 lees ons van tien meisies wat vir die bruidegom wag ... maar Jesus wou hulle nie van ‘n bruilof leer nie. Nee. Hy wou hulle leer om op hulle lewensreis altyd voorbereid te wees op die ontmoeting met God (wederkoms).

SKRIFLESING:

[1]“Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag. [2]Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig. [3]Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar nie ekstra olie met hulle

saamgevat nie, [4]terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houers gevat het. [5]Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.

[6]"In die middel van die nag was daar 'n geroep: 'Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!' [7]Toe staan al die meisies op en maak hulle lampe reg. [8]Die onverstandiges sê toe vir die verstandiges: 'Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood.' [9]Maar die verstandiges antwoord: 'Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liewer winkel toe en koop vir julle olie.'

[10]"Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.

[11]"Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: 'Meneer, Meneer, maak vir ons oop!' [12]Maar die bruidegom antwoord: 'Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!'

[13]"Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie."

PREEK:

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

Om in te pak vir ‘n vakansie, is maklik. Dit is baie werk en dit is harde werk, maar dit is maklik omdat jy weet wat jy op ‘n vakansie gaan nodig kry. Sommige mense het ‘n lysie waarvolgens hulle in pak vir ‘n vakansie.

Ons het laas Sondag weer gesê ons lewe is ‘n geestelike lewensreis. Ons is op pad na ‘n heilige bestemming. Ons is op pad na die ewige lewe, na ‘n ontmoeting met God. Wat pak ons in vir hierdie geestelike reis van die lewe? Volhard ons?

Die vertelling van die tien meisies kom net in die Matteus evangelie voor. Soos die gebruik van daardie tyd het die meisies gewag op die bruidegom se koms. Daar was nie ‘n vasgestelde tyd vir sy koms nie.

As jy deel wil word van die feesvieringe moet jy altyd gereed wees. Al wat hulle verseker weet is dat hy definitief sal kom. Die tien meisies het gedink hulle weet wat hulle nodig het. Dit is immers ‘n baie spesiale

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

---

geleentheid en hulle sien baie uit na die feesvieringe. Nou moet hulle maar net wag.

Op die oog af het hulle ‘n ekstra warm kleed nodig, ‘n lamp, entoesiasme en natuurlik ekstra olie vir die lamp. Die Griekse woord, wat die Bybel met lamp vertaal het, was eintlik eerder ‘n soort fakkel. Met ander woorde dit is ‘n stok met klomp lappe wat styf aan die punt van die stop vasgedraai was. Die lappe is dan in olie deurweek en aan die brand gesteek. Die uitdaging. Hierdie lappe moes ongeveer elke vyftien minute met olie deurweek moes word. Hoe meer olie, hoe langer het jy lig!

Toe die bruidegom uiteindelik na ‘n lang gewag opdaag om met vreugde die bruilofsfees te begin, het slegs vyf van die meisies nog genoeg olie gehad om hulle fakkels te brand. Slegs vyf van die tien meisies kon nou deel word van die optog en bruilofsfees.

Ongelukkig is daar dan ook vyf meisies wat nie reg ingepak het nie. Wat nie goed genoeg voorberei het nie.

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

Hulle olie het opgeraak. Olie was beskikbaar, maar hulle moes die optog verlaat om dit te gaan koop. En wanneer hulle genoeg olie gekoop het en weer daar by die bruilof aansluit was hulle te laat. Die deur is gesluit en die bruidegom wil nie vir hulle laat oopmaak nie. Omdat hulle nie genoeg voorbereid was nie, het hulle die bruilofsfees gemis.

Toe Jesus die verhaal vir sy volgelinge vertel het (vir ons vertel het), wou Hy hulle leer om vir die lewensreis voor te berei. Niemand ken die tyd wat die bruidegom gaan opdaag nie ~ niemand nie! Behalwe natuurlik God. Hy ken die tyd vir ons oorgaan uit hierdie lewe. Hy ken die tyd van die finale wederkoms.

Die verhaal wil ons voorberei op die wederkoms. Die verhaal wil ons voorberei op daardie dag wat ons moet oorgaan van hierdie wêreld na die lewe hierna. Die tyd (vandag) moet ons nie maar net passief sit en wag daarvoor nie ~ ons moet aktief aan die werk spring en voorberei. Anders gaan ons ook sonder olie aangetref

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

---

word ~ onvoorbereid op die koms van die Here / onvoorbereid op die dag wanneer ons die aarde moet verlaat.

Psalm 145 leer ons byvoorbeeld wat hierdie voorbereiding kan behels. Hierdie gereed maak op die koms van die Here.

Eerstens stel die skrywer van die Psalm woord dat ons, terwyl ons op God wag, ons lewens moet vul met vreugde. Ons sal vroeg volgende jaar nader na hierdie Psalm en sy inhou kyk. Wat kan ek doen om meer vreugde aan my lewe te gee, deur meer vreugde in ander mense se lewens te bring. Dit is nie so moeilik nie ~ ek kan vreugde in my ouers se lewe bring deur ‘n drukkie, soentjie of ‘n dankie.

Dan sê die skrywer van die Psalm ons voorbereiding moet hoop insluit. Hierdie hoop laat ons die volgende tree gee. Hierdie hoop laat ons nie uitsak nie. Hoe meer ek hoop om my uitdeel, hoe meer ontvang ek self hoop.

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

Dan sê die skrywer ons moet ons nog voorberei met dinge soos geduld en geloof. Gaan dink ‘n bietjie hieroor. Praat met mekaar hieroor.

Ek wil sommer net afsluit met ‘n eie gedagte. Wanneer twee of meer mense met mekaar praat, raak hulle nie maklik aan die slaap nie. Onthou julle daardie aande jare gelede toe jy en jou maat nog ‘n hele nag deur net met mekaar kon praat. Wat het julle gisteraand so laat gedoen: Gepraat pa!

Vandag moet ons die gedagte hoor dat ons gereed moet wees op die koms van die Bruidegom. Hiervoor moet ons voorberei, want as ons nie is nie kan ons die bruilofsfees mis.

Amen.

SLOTSANG:

Stille nag, heilige nag! ~ Gesang 348: 1-3

Tekste: Jesaja 7: 14 NIV; Lukas 2: 12 NIV; Lukas 2: 8-1 NIV; Lukas 2: 13-14; Psalm 139 AFR1983; Galasiërs 1: 3 AFR2022; Handelinge 10: 34-48 AFR1983; Matteus 25: 1-13 AFR1983; 2 Korintiërs 13: 13 AFR2022.
Liedere: Gesang 358: 1-3; Gesang 364: 1-3; Gesang 348: 1-3; VONKK 256: 1-3.

SEËN:

Die oorstromende genade van ons Here, Jesus Christus, en die nimmereindigende liefde van God, en die spesiale geloofsgemeenskap van die Heilige Gees in met julle almal. (2 Korintiërs 13: 13 ~ AFR2022)

WEGSENDING:

Vol van vreugde wil ons jubel. Die melodie is die van Gesang 364 – Herders op die ope velde. Die is haastig in pas en versreëls loop sonder asemhaling oor in ‘n volgende.~ VONKK 256: 1-3